# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

SG **101-2/2**

**22 bladsye**

AFRIKAANS EERSTE TAAL SG: Vraestel 2

101 2 2 SG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES**:

Lees asseblief noukeurig deur die volgende instruksies voordat jy begin skryf.

- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE en merk die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Jy moet VIER vrae in totaal beantwoord.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemmng met die vraagnommers.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE:**

Jy moet 'n totaal van VIER vrae vir 75 punte beantwoord.

– 2 gedigte (Vraag 1 OF vraag 2, Vraag 3 OF Vraag 4)
– 1 dramavraag
– 1 prosavraag

## AFDELING A
### POËSIE

Vraag 1 : Busrit in die aand (Elisabeth Eybers) 13 punte

**of**

Vraag 2 : Bitterbessie dagbreek (Ingrid Jonker) 13 punte

**EN**

Vraag 3 : Hippie (Wilna Stockenström) 12 punte

**of**

Vraag 4 : Lied van die kinders (Lina Spies) 12 punte

**TOTAAL VIR AFDELING A (1x 13) + (1 x 12) 25 punte**

## AFDELING B
**Die Keiser – Barto Smit**

- Beantwoord Vraag 5 (kontekstuele vrae) of Vraag 6, (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 5) doen, **MOET** jy die langer tipe opdrag in AFDELING C doen.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

Vraag 5 (Kontekstuele Vrae) 25 punte

**of**

Vraag 6 (Paragraafvraag) 25 punte

**TOTAAL VIR AFDELING B [25]**

## AFDELING C
**ROMAN**

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 5) gedoen het, **MOET** jy die langer tipe opdrag in AFDELING C doen en andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**Kontekstuele vrae**:

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 7 | ***Kringe in 'n Bos*** (Dalene Matthee) | 25 punte |
| Vraag 8 | ***Fiela se Kind*** (Dalene Matthee) | 25 punte |
| Vraag 9 | ***By Fakkellig*** (Karel Schoeman) | 25 punte |
| Vraag 10 | ***Toorberg*** (Etienne van Heerden) | 25 punte |

**of**

**Paragraaftipe Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 11 | ***Kringe in 'n Bos*** (Dalene Matthee) | 25 punte |
| Vraag 12 | ***Fiela se Kind*** (Dalene Matthee) | 25 punte |
| Vraag 13 | ***By Fakkellig*** (Karel Schoeman) | 25 punte |
| Vraag 14 | ***Toorberg*** (Etienne van Heerden) | 25 punte |

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL VRAESTEL: [75]**

**KONTROLEER ASSEBLIEF:**

Jy moet 'n totaal van VIER vrae vir 75 punte beantwoord.

– 2 gedigte
– 1 dramavraag
– 1 prosavraag

EEN stel kontekstuele vrae en EEN stel paragraaftipe vrae uit Afdelings B en C.

## AFDELING A
## POËSIE

### VRAAG 1

**BUSRIT IN DIE AAND (ELISABETH EYBERS)**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby. . . Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor 'n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand. . .

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë. . .
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

(*Die Stil Avontuur,* Perskor)

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Skryf 'n woord uit strofe 3 neer wat die busrit as moeilike tog beskryf. | (1) |
| 1.2 | Waarom dink jy is die werkers **suf** en **moeg** (r. 2)? | (1) |
| 1.3 | 1.3.1 Skryf een verskil tussen die beginreël van strofe 1 en die beginreël van strofe 6 neer. | (1) |
| | 1.3.2 Watter effek het dit dat die gedig met dieselfde strofe afsluit as waarmee dit begin? | (1) |
| 1.4 | Watter woord in strofe 5 kontrasteer met **opgetoë** in r. 13? | (1) |
| 1.5 | Watter woord in r. 10 – 12 beeld die bus as 'n skip uit? | (1) |
| 1.6 | Dink jy die **ons** in r. 9 en die **ons** in r. 13 verwys na dieselfde persone? Motiveer. | (2) |
| 1.7 | Waarom deel die spreker nie die ander passasiers se ongelukkige houding nie? | (1) |
| 1.8 | Wat is die funksie van die ellips (stippels) in r. 4? | (1) |
| 1.9 | Wat word beklemtoon deur die herhaling van **en** in r. 11 en 12? | (1) |

b.o.

1.10 Dink jy die **werkers van die stad** word in 'n negatiewe lig uitgebeeld? Motiveer. (2)

**[13]**

**OF**

## VRAAG 2

**BITTERBESSIE DAGBREEK (Ingrid Jonker)**

Bitterbessie dagbreek
bitterbessie son
'n spieël het gebreek
tussen my en hom

Soek ek na die grootpad
om daarlangs te draf
oral draai die paadjies
van sy woorde af

Dennebos herinnering
dennebos vergeet
het ek ook verdwaal
trap ek in my leed

Papegaai-bont eggo
kierang kierang my
totdat ek bedroë
weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord
antwoord hy alom
bitterbessie dagbreek
bitterbessie son

(*Rook en Oker* – Perskor)

2.1 Die titel is ironies. Waarop dui **bitterbessie** binne hierdie ironiese verwysing? (1)

2.2 Watter woord in strofe 2 beklemtoon die dringende behoefte by die spreker om na iets betroubaar uit te reik? (1)

2.3 Watter betekenisverband bestaan daar tussen **dennebos** (r. 9) en **leed** (r. 12)? (1)

2.4 Wat suggereer die woord **alom** in r. 18? (1)

2.5 Op watter wyse word die spreker se bitterheid beklemtoon in r. 1 en 2? (1)

2.6 Wat is die funksie van die herhaling van **kierang** in r. 14? (1)

2.7 Watter TWEE sintuie word in **papegaai-bont** (r. 13) betrek? (2)

2.8 Wat word met die gebroke rym in die slotstrofe gesuggereer? (1)

2.9 Skryf die versreël neer waarin daar 'n verwysing na 'n ou volksgeloof voorkom. (1)

2.10 Wat bedoel die spreker met r. 15: **totdat ek bedroë**? (1)

**b.o.**

2.11 Dink jy die slotstrofe behoort 'n oplossing of antwoord aan die spreker te bied? Motiveer. (2)

**[13]**

**EN**

**VRAAG 3**

**HIPPIE (Wilma Stockenström)**

Hy groei
plantaardig uit stoel voor 'n kafee,
'n pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoeid met reis om homself.

Hy slaan
'n pap handsak oor sy fraiingskouer.
Om huise se kombuise binne te val
sommer saam met die son en die vlieë.
Om gestrand te raak op die rand
van 'n stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou
die sinkomheinde werf waar uitgepofde
hoenders slaap om 'n verbitterde bloekom.
Baie oumense dut daar. Hulle kraak.
Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbeltjie kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en krink om die pofadder se juwelehuis
van sewejaartjies: kleislang in 'n kindertuin.

En voort
duimgooi hy na miskien 'n genommerde
kamer met 'n Gideonsbybel, miskien die ru
bouval van 'n malman op 'n afgrond, of
die binnevlerksagtheid van 'n woud.

En hy skiet
ghrieskleurige hare uit 'n apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.

(*Spieël Van Water* – Human en Rousseau)

3.1 Skryf 'n frase in strofe 1 neer wat daarop dui dat die hippie moontlik op soek is na sin in sy lewe. (1)

3.2 Watter woord in strofe 3 dui op 'n figuurlike reis wat die hippie onderneem? (1)

3.3 Waarom dink jy word die beginreëls van elke strofe tipografies uitgehef? (1)

3.4 Skryf 'n eienskap van die hippie neer soos blyk uit r. 6-9. (1)

3.5 Watter woord in strofe 4 impliseer dat die hippie se bestemming onseker is? (1)

3.6 In watter opsig hou die beeld van 'n **verbitterde bloekom** (r. 15) verband met die hippie? (1)

3.7 Wat bereken die uitdrukking in r. 29 **om die tyd in te haal**? (1)

3.8 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r. 21? (1)

3.9 Watter TWEE sake word in r. 17 met mekaar vergelyk? (2)

3.10 Dink jy die hippie behoort bewonder of bejammer te word? Motiveer. (2)
**[12]**

**OF**

**VRAAG 4**

**Lied van die kinders (Lina Spies)**

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Joodse seuntjie
wat sy armpies in die lug steek
voor die SS,
sy oë wyd gerek,
op sy mou die groot, geel Dawidster.

"Laat die kindertjies na my toe kom"
Die Viëtnamese dogtertjie
oumens-krom aan haar stok geklem
op die slagveld heen en weer
terwyl oor haar bors
'n kruisie hang.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die klein vergete Ier
op 'n sypaadjie in Belfast
tussen die bloed en bomme
wat opnuut sy land vrymaak.

Laat die kindertjies van Israel na My toe kom,
gevang in die kruisvuur by Ma'alot –
bang hasies in 'n bos wat brand.
Laat hulle kom, die gevreesde koningskinders van my volk
wat die Romeine doodgesteek het
toe in 'n stal se stank van mis en bloed,
ek self die Kind van Betlehem was.

Verhinder hulle nie
Herodes
dissipels
soldate
grootmense

Hulle hoort in my koninkryk:
hulle weet van wonde
sonder om te twyfel of te vra.

Laat hulle kom
kinders van Dachau
kinders van Korea
kinders van Saigon

Ek sal hul teen my sy vasdruk
en my hande op hul lê.

(*Dagreis* – Human en Rousseau)

4.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)

4.2 Na watter geskiedkundige gebeurtenis word daar verwys in strofe 1? (1)

4.3 Dink jy die woord **lied** in die titel is 'n goeie woordkeuse? Motiveer. (2)

4.4 Watter emosie (gevoel) word uitgebeeld met die uitdrukking in r. 5: **oë wyd gerek**? (1)

4.5 Wat kan jy aflei uit die feit dat **Kind** (r. 24) met 'n hoofletter geskryf is? (1)

4.6 Watter woord in die derde strofe dui daarop dat die stryd in Ierland nie die eerste is nie? (1)

4.7 Die b-klank is dominant in r. 20. Wat word hierdeur beklemtoon? (1)

4.8 Is daar enige verband tussen die plekname genoem in r. 34-36? Motiveer. (2)

4.9 Skryf TWEE redes neer waarom die laaste twee reëls positief is vir die kinders. (2)
**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B
### DRAMA

### *DIE KEISER* – Bartho Smit

- In hierdie afdeling moet jy EEN vraag beantwoord.
- Jy het 'n keuse tussen Vraag 5 (kontekstuele) en Vraag 6 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae beantwoord, **moet** jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C (roman) beantwoord.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

## VRAAG 5

Bestudeer die volgende teksgedeelte uit die drama en beantwoord die vrae wat volg:

| | | |
|---|---|---|
| WAG | : | (*tree binne*) Sy Edele die Minister van Kultuur! Sy Edele die Minister van Verdediging! Sy Edele die Minister van Buitelandse Sake! Lank lewe die Keiser! (*Die Ministers tree binne soos hulle aangekondig word.*) |
| HOFNAR | : | (*buite*): Sy Edele ons Kroon se oë en ore. . . (*Tree binne*) in lywende lewe! |
| TIENGELING | : | (*met 'n diep buiging*) Welkom, u Edeles, welkom. |
| WEWER | : | (*met 'n stywe buiging; hy 's nou weer die magiër*): Welkom. |
| HOFNAR | : | Dankie, dankie. |
| WEWER | : | Jammer ons moes u laat wag, u Edeles. Onvoorsiene omstandighede. |
| KULTUUR | : | Sy Majesteit hou nie daarvan om te wag nie. |
| DIPLOMAAT | : | (*staar in vervoering na die Pop*): Fantasties. . . Kyk, u Edele, Maarskalk, kýk. . . |
| HOFNAR | : | Nogal 'n mooi pop, ja. |
| DIPLOMAAT | : | Die materiaal, die snit, daardie knope. . . (*Kultuur en die Maarskalk se oë rek wyd as hulle besef dat hulle net 'n kaal pop sien. Wanneer hulle net hierna die onsigbare klere begin sién ook die Keiser en Keiserin later – is daar iets wanhopigs in hul toneelspel. Slegs Diplomaat is op sy gemak, omdat hy weet waaroor alles gaan.*) Dis ongelóóflik. . . |
| KULTUUR | : | (*skreeu histeries vir Tiengelieng*): Bedek jou naaktheid, Dame! |
| TIENGELING | : | (*Gooi haastig die mantel oor haar* skouers): Jammer, u Edeles, Ons het so gejaag om klaar te kry dat ek skoon vergeet het. . . |
| DIPLOMAAT | : | Is dit nou die onderbaadjie – of die baadjie? |
| WEWER | : | Onderbaadjie. |
| DIPLOMAAT | : | Tot onder die knieë. Die styl van ons kleredrag hier aan die Hof. Lyk dit my. |
| TIENGELING | : | Lodewyk Veertien, u Edele. |
| DIPLOMAAT | : | Fantasties. Wat dink ú, u Edele? |
| KULTUUR | : | Jongman, ek het nie woorde nie. |

5.1 Waarom kondig die Wag telkens aan as Kultuur, Maarskalk en Diplomaat die vertrek binnekom? (1)

5.2 Kyk goed na die Hofnar se woorde en optrede in r. 5-6 en beantwoord dan die volgende vrae:

5.2.1 Watter effek het dit dat hy homself aankondig? (1)

5.2.2 Wat bedoel Hofnar met die woorde: **ons Kroon se oë en ore**? (1)

5.2.3 Watter vaste uitdrukking verdraai die Hofnar in hierdie reëls? (1)

5.3 In r. 8 lees ons dat Wewer **nou weer die magiër** is.

5.3.1 Wat is 'n **magiër**? (1)

5.3.2 Wat was die Wewer dan nét voor hierdie gedeelte dat hy **nou weer** 'n magiër is? (1)

5.4 Waarom is dit ironies dat nét die Nar met die woorde "Dankie, dankie", reageer op Wewer en Tiengelieng se verwelkoming? (2)

5.5 Kyk na Diplomaat se woorde en reaksie in r. 13-14.

5.5.1 Is hy werklik **in vervoering** oor die pop? (1)

5.5.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 5.5.1. (1)

5.6 Wat gee Hofnar eintlik te kenne met sy klaarblyklik onskuldige woorde in r. 15? (2)

5.7 Waarom is Kultuur en Maarskalk so bekommerd as hulle net die kaal pop sien (r. 16-17)? (2)

5.8 Die leuen is die sentrale tema in *Die Keiser* . Hoe hou die verwysing na die mense se **toneelspel** in r. 19 daarmee verband? (2)

5.9 Kyk na Kultuur se optrede en woorde in r. 22.

5.9.1 Watter eienskap van Kultuur wat reeds voorheen in die drama na vore gekom het, word hier bevestig? (1)

5.9.2 In watter opsig sluit sy optrede hier eintlik aan by die Wewer en Tiengelieng se plan? (1)

5.10 Diplomaat vra in r. 25 of die klere waarna hulle kyk die onderbaadjie of die baadjie is. Watter eienskappe sou die baadjie hê volgens die Wewer? (2)

5.11 As Diplomaat in r. 27 sê: "Die styl van ons kleredrag hier aan die Hof", kan dit eintlik heeltemal anders vertolk word as wat die Keiser sou dink. Verduidelik. (2)

5.12 Verduidelik kortliks wie **Lodewyk Veertien** (r. 29) was. (1)

5.13 Om watter TWEE moontlike redes sou Kultuur nie woorde hê nie (r. 31)? (2)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 6**

6.1 Diplomaat verskil as jong minister drasties van sy ouer kollegas Kultuur en Maarskalk. Bespreek Diplomaat se karakter in ongeveer 120-150 woorde en gee in jou bespreking spesifiek aandag aan:

- Diplomaat se taak in die Keiser se Kabinet en die wyse hoe hy dit uitvoer.
- Sy houding teenoor die opstand wat Wewer beplan.
- Jou eie gemotiveerde mening oor Diplomaat : hou jy van sy karakter of nie? (10)

6.2 Die Keiser is in wese 'n heerser met goeie bedoelings teenoor sy volk, maar hy begaan drastiese foute wat hom uiteindelik as 'n swakkeling tipeer. Tog word hy in sy swakheid deur sy mense aanvaar en toegejuig. Bespreek in ongeveer 150-200 woorde en gee aandag aan:

- Goeie bedoelings wat die Keiser met die volk het.
- Foute wat hy maak terwyl hy regeer.
- Die Nar se raad aan die Keiser en die gevolge daarvan.
- Het jy simpatie met die Keiser of nie? Motiveer. (15)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

## AFDELING C
## ROMAN

- Beantwoord EEN vraag in hierdie Afdeling.

- Indien jy in Afdeling B reeds die kontekstuele vrae (Vraag 5) beantwoord het, **moet** jy hierdie langer tipe opdrag doen, of andersom. Indien jy nié hierdie vereiste nakom nie, sal jy géén punt vir Afdeling C verdien nie!

- Dit is verder ook belangrik om in hierdie afdeling by die betrokke vraag wat jy kies slegs dié gedeelte te beantwoord wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

  **KRINGE IN 'N BOS** (*Dalene Matthee*)
  **FIELA SE KIND** (*Dalene Matthee*)
  **BY FAKKELLIG** (*Karel Schoeman*)
  **TOORBERG** (*Etienne van Heerden*)

- Hierdie Afdeling tel 25 punte.

### KONTEKSTUELE VRAE

Beantwoord hier Vraag 7 **óf** Vraag 8 **óf** Vraag 9 **óf** Vraag 10, afhangende van die roman wat jy behandel het.

## VRAAG 7

### *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Bestudeer die volgende teks uit die roman en beantwoord die vrae:

Daar was 'n tyd toe hy wou glo dat daar tussen hom en Oupoot 'n vreemde band lê. Intussen het hy die ding met homself uitgemaak en besluit dat daardie soort bedenksels tot Maska se wêreld hoort. Of in drome. Om jou verbeelding toe te laat om in daardie wêreld in te loop, is wegskram van werklikhede af, en voor jy weet waar jy is, is jy vasgegroei in liegte. Soos die houtkappers. Jý, die een wat dit gewaag het om die bloubokkie se kop oop te kap, jý , die een wat die duiwel oor 'n waarheid wou uitdaag, is die gemerkte wat moes leer om alleen te loop. Soos Oupoot.

Nee, nie soos Oupoot nie. Oupoot het sy eie wette. Boswet. Die wet wat neergelê is deur dieselfde hand wat die dag ná die nag laat breek, wat die sewester in sy baan hou, die maan sy tye laat gehoorsaam, die son se winter- en somerbaan bepaal, die reën sy tyd laat ken. Van die bosvloer af tot in die top van die hoogste boom pols dié wet reëlmatig deur alles soos die asem van 'n almagtige wese.

Net die mens het wetteloos hier kom intrek. Net die mens het skynbaar reg om te maak soos hy wil, te vernietig soos hy wil. . . Liegte te glo soos hy wil.

En weer moet die Bos die hoogste prys betaal; hierdie keer met sy koning-olifant. Die leier van die leiers!

Die bitter woede wat soos gal in hom opstoot, laat hom in sy spore vassteek. *Hulle mag Oupoot nie skiet nie*! Dis soos 'n muur wat om hom inmekaartuimel. Vier dae lank het hy tot hier geloop met die wete dat niks kan keer dat hierdie olifant vir die dood van Jozef se kind sal moet boet nie. Al wat hy kon doen, was om hom die vernedering te spaar om voor Freek Terblans se geweer te val. Niks meer nie.

Dis of sy liggaam ineens weier om 'n tree verder te loop. Hy weet egter dat hy dit nie durf waag om te gaan nie. Tyd is besig om hom van alle kante in te haal: in die weste sak die son, op die dorp teen die kaai lê die *Pictor* die laaste van sy vrag teen hierdie tyd en inskeep, en êrens is Freek Terblans se geweer oorgehaal.

Hy voel soos een uit wie die onweer gedonder is: oop en helder en onbevrees. Was hy van die begin af onbewustelik op pad om tussen Freek en Oupoot te kom staan? Nee. Dit het vier dae gekos om sy oë oop te kry. . . Dis of daar nuwe krag deur sy moeë liggaam vloei toe hy die slagdoppie afhaal en die onderbos weer voor hom begin oopstoot.

Nie 'n volle halfuur verder nie laat skrik 'n geluid bo in die takke hom tot stilstand. Dis 'n donker bondel wat uitmekaar vou om bene en arms te kry en Maska te word. Vaal en gehawend.

"Maska?"

"Baas Saul. . ."

7.1 Saul wou glo dat daar 'n vreemde band tussen hom en Oupoot lê. (r. 1-2). Noem een voorval in die verhaal wat hom hierdie gevoel laat kry het. (2)

7.2 In r. 5-10 kom twee vergelykings voor. Watter TWEE beelde word in die tweede vergelyking met mekaar in verband gebring? (2)

7.3 Wat is die funksie van die stippels in r. 47? (1)

7.4 Watter gevoel word weergegee met die uitroepteken in r. 22? (1)

7.5 Op watter TWEE maniere word die sin in die middel van r. 24 uitgehef? (2)

7.6 Na watter tydperk in Saul se lewe verwys die **vier dae** in r. 38-39? (2)

7.7 Wat is die rede vir Maska se gehawende toestand in r. 43-45? (1)

7.8 **En weer moet die Bos die hoogste prys betaal. . .** (r. 21).

7.8.1 Is die beeldspraak wat hier voorkom gepas? Motiveer. (2)

7.8.2 Wat suggereer die woord **weer**? (1)

7.9 Tot watter besef kom Saul as daar gekyk word na sy optrede in r. 36-41? (2)

7.10 Waarom dink jy sal Saul dit as 'n vernedering beskou as Freek Terblans vir Oupoot moet skiet? (2)

7.11 7.11.1 Met watter woord in r. 5-10 kontrasteer **verbeelding** in r. 4? (1)

7.11.2 Wat wil Saul hiermee te kenne gee? (2)

7.12 Waarom dwaal Saul se gedagte telkens terug na die **Pictor** (r. 33)? (2)

7.13 Dink jy dat daar werklik 'n band tussen Saul en Oupoot bestaan het? Motiveer. (2)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 8

***FIELA SE KIND*** – Dalene Matthee

Bestudeer die volgende teks uit die roman en beantwoord die vrae:

Benjamin het die doringtak laat sak en omgekyk na haar toe. Here, het sy in haar binneste gedink, hoekom kry ek skielik so 'n aardige gevoel?

"Fiela!" het Selling benoud geroep.

Die wyfie het nog steeds gehol en Skopper het nog steeds in die middel van die kamp rondgetrippel. Dawid en Tollie en die twee meisiekinders was besig om die opening toe te pak, maar hulle oë het bly huis toe draai.

"Fiela, kom hier!"

Sy het haar tak teen die heining gesmyt en met elke tree wat sy gee, gevoel soos een wat aan die leeg bloei is.

"Môre! "Die lange het mildelik gegroet. "Ek sien julle is nog altyd doenig met die volstruise. Gaan julle laat broei? "Sy het hom nie antwoord gegee nie. "Ek hoor vere se pryse gaan sak."

Dit was 'n lieg, maar sy het hom dit nie gesê nie. Hy kon staan en praatjies maak tot hy van sy eie praatjies moeg is. Sy sou hom ook nie vra wat hulle kom soek het nie.

Die dikke het skuldigweg nader gestaan. "Ek sien julle het darem 'n bietjie reën gehad. . . Ons het laas nag agter in De Vlugt geslaap, by die Standers. Ons is gisteroggend 'n bietjie laat weg op Knysna."

Die wyfie se pote het egalig grond geraak en 'n hoender het bo by die varkhok aan die kekkel gegaan.

"Mister Goldsbury, die nuwe magistraat op Knysna, het ons gestuur," het die lange gesê, maar hy het haar nie in die gesig gekyk nie. "Hy wil die kind sien."

Sy het nie haar stem verhef nie. "Ek het daar niks op teë nie, hy kan kom kyk."

"Hy wil die kind op Knysna sien."

"Hy kan hom hier kom sien."

Die lange het hom opgeruk. "Luister, atta, ek is moeg en jy moenie vandag moeilik raak nie. Ons het ver gekom. Die magistraat is nie 'n man met wie 'n mens sukkel nie. Hy wil die kind op Knysna hê en dis klaar."

"Oormôre," het die dikke bygevoeg. "Vrydag. Mister Goldsbury wil net die saak van die kind wat die slag in die Bos weggeraak het, opklaar. Dis al. Die ding sluit. Die ma van die kind sal ook Vrydag in die hof op Knysna wees. Sy moet kom kyk of dit haar kind is."

"Dis nie haar kind nie."

"Dan moet ons soveel te meer sorg dat sy en mister Goldsbury dit self ook vasstel," het die lange gesê. "Laat die saak dan afgehandel kom."

Hulle was haar aan die vaskeer. Sy het dit geweet. "Hoekom kom kyk die bosvrou dan nie hier as sy wil kyk nie?"

"Dis groot sake hierdie, atta, dis dinge wat voor 'n magistraat gesê en gedoen moet word. As sy hiernatoe kom, kan julle praat soos julle wil, maar voor die magistraat staan jy onder eed en moet jy reg praat. Daarby is die bosmense baie sku. Die boswagter sê juis hy weet nie hoe hulle Vrydag die vrou op die dorp gaan kry nie, wat nog te sê van in die hof."

Hulle het jou nou klaar hokgejaag, Fiela Komoetie, het sy vir haarself gesê, hulle pak nog net die opening toe. Sy het Selling se swakte deur haar lyf voel trek. Spartel en skree sou haar nie help nie, al wat oorgebly het, was om nie voor hulle te loop lê nie.

8.1 Fiela word in r. 7 geroep. Wie roep haar van die huis se kant af? (1)

8.2 Wat probeer Fiela en die kinders met die volstruise doen? (2)

8.3 Wat is die wyfievolstruis se naam? (1)

8.4 Waarom lyk die dikke skuldig (r. 15)? (1)

8.5 Waarom antwoord Fiela die lange se vraag in reël 11 nie? (1)

8.6 Daar is 'n duidelike verskil tussen die lange en die dikke se optrede. Bewys hierdie stelling aan die hand van reël 10 en reël 15. (2)

8.7 Watter persoon, die lange of die dikke, neem die inisiatief /leiding? (1)

8.8 Watter aanspreekvorm gebruik die lange vir Fiela in r. 25 en waarom is dit diskriminerend? (2)

8.9 Wie is die skugter bosvrou wat hier ter sprake is? (1)

8.10 Het die bosvrou, later in die verhaal, die waarheid gepraat? Sê net ja of nee. (1)

8.11 Op watter weeksdag speel hierdie insident op Fiela se werf af? (1)

8.12 Waarom is Selling meer op die agtergrond as Fiela? (1)

8.13 Watter gevoel/emosie pak Fiela beet in r. 8-9? (1)

8.14 Waarom wil Fiela nie vir die lange vra wat hy kom soek (r. 14) nie? (2)

8.15 Watter gebeurtenis sewe maande na Lukas se verdwyning laat die leser vermoed dat hy wel dood is? (2)

8.16 Aan wie se kant is jy? Aan Fiela s'n of aan die magistraat s'n? Motiveer jou siening. (2)

8.17 Die hoeveelste keer is dit nou dit die lange en die dikke op Wolwekraal kom? (1)

8.18 Oor watter aspek verskil Fiela en die lange in reël 21-24 van mekaar? (2)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 9

### *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

Bestudeer die volgende teks uit die roman en beantwoord die vrae:

“Arme Arthur, moet hy nóú reeds lastig geval word om baantjies te soek vir almal wat hy ken?”

“Jy is tog sy broer, en as hy invloed het, waarom sou hy dit nie gebruik nie?”

“Ek wil nie sy invloed hê nie, dankie, Alice.”

“En ook niks vir die toekoms nie?”

Hy lag. “Ek sal ’n ryk vrou trou, dan sal ek veilig wees.”

“Dink jy aan trou, David?”

“Móét ek?”

“Jy is al drie-en-twintig. En jy hoef ook nie ver te soek nie. Daar is die Cunningham meisie. . . ”

"Is jy in vennootskap met lady Elizabeth, Alice? Maria, wat ouer is as ek, en so onaangenaam en oninteressant?”

“Sy is tog nie só onaangenaam nie. En sy is die oudste dogter, die erfgename, as jy dan ’n ryk vrou wil hê.”

“Erfgename van wat? Haar pa se skuld en haar ma se familiebetrekkinge?”

“Lady Elizabeth se familie is welgesteld, en hulle het baie invloed in Engeland. Die Prins-Regent. . .”

“Wanneer het jy begin belangstel in sulke dinge, Alice?” Hy kom by haar sit en kyk haar aan. “Is dit Arthur wat voorgestel het dat jy my aanspoor? ’n Skoonsuster met geld en invloedryke ooms sou goed te pas kom.”

Sy kyk hom verontwaardig aan. “Foei, David, glo jy dan nie dat ek dit opreg bedoel nie?”

“Dit klink nie só opreg nie,”sê hy. “Jy is té geesdriftig, Alice, Jy gaan te veel op in alles, hart en siel. Nou is dit weer ék wat aan die beurt is, en moet ek soos ’n lam opgeoffer word op die altaar, willig of onwillig.”

“Foei tog,”roep sy uit, “die arme Maria!”, en hulle lag saam.

9.1 Watter voorstel het Alice gemaak wat die reaksie in r. 1-2 by David ontlok? (1)

9.2 Watter **invloede** (r. 5) het ’n rol gespeel by Arthur se aanstelling as parlementslid? Motiveer. (2)

9.3 Watter houding openbaar Alice teenoor David met die gebruik van **Foei tog** en **arme** in r. 30? (1)

9.4 Waarna dink jy verwys **sulke dinge** in r. 20? (1)

9.5 Na watter aktiwiteite van Alice gedurende die lente en somer kan David moontlik verwys as hy in r. 27 sê: “. . . Jy gaan te veel op in alles, hart en siel”? (2)

9.6 In watter opsig verwys David se woorde in r. 28 na die toekoms : “. . . Moet ek soos ’n lam opgeoffer word. . . ”? (2)

9.7 Watter gevoel word weergegee met die woorde: **Arme** in r. 1? (1)

9.8 Watter woord in r. 20-26 dui daarop dat Alice gegrief voel? (1)

9.9 Stem jy saam met Alice in r. 8-10 dat David aan 'n huweliksmaat moet begin dink? Motiveer. (2)

"Julle moet darem ook nie te haastig wees nie," probeer die predikant hulle tot bedaring bring. "Die regering wil nie onbesonne optree nie – gee die slang kans om sy kop uit te steek voordat julle op hom toesak."

"En intussen moet mense maar vermoor word en huise afgebrand word en alle moontlike geweld gepleeg word, totdat die volheid van die kwaad bereik is?"

"Die besit van wapens is immers so pas verbied. . . "

"Wapens! Asof dit nie maklik genoeg is om 'n paar ou muskette in jou dak of in 'n put weg te steek nie – en wil hulle dan al die sekels en sense en gaffels en byle wegvat, al die knuppels en stokke?"

"Toe nou, Ned,"sê Frobisher laggend, "verwag jy 'n opstand met knuppels en stokke?"

"Mense wat opgesweep is, sal met stokke en klippe veg en met hul blote hande, en regimente bewapende soldate sal hulle uiteindelik nie kan kleinkry nie."

Frobisher staan bedaard tussen hulle en skink nog wyn. "En waarom nie?" vra hy vir Ned terwyl hy die bottel vir hom aangee.

"Omdat hulle veg met oortuiging, besieling, vir dinge wat vir hulle belangriker is as hul lewens."

"Hulle het min genoeg om te verloor, in elk geval," merk Halliday onverwags op, maar niemand hoor hom nie.

"En waarom kan ons nie met ewe veel oortuiging teen hulle veg nie?"

"Jy het ook meer om voor te veg as hulle," roep Frank Carey spottend vir Frobisher. "Jou perde en honde, al jou duur saals en tome en rystewels, jou huis, jou wynkelder. Jy sal seker nie omgee om 'n paar nagte lank in 'n moeras te lê en wag hou dáárvoor nie, of om 'n tien, twintig myl te marsjeer nie.

Frobisher lag, wydsbeen voor die kaggel. "Ek kan aan plekke dink waar ek liewers 'n paar nagte sou wil lê."

9.10 Word **slang** in r. 33 letterlik of figuurlik gebruik? Motiveer. (2)

9.11 Watter verband is daar tussen r. 38 en David se latere optrede? (2)

9.12 Na wie word daar moontlik in r.35 verwys wat vermoor was? (1)

9.13 9.13.1 Sou jy hierdie gesprek tussen die Engelse grondeienaars as ernstig of luimig beskryf? (1)

9.13.2 Skryf 'n woord in r. 38-45 neer om jou antwoord te staaf. (1)

9.14 9.14.1 Waarna dink jy verwys **dinge** in r. 49? (1)

9.14.2 In watter opsig kontrasteer hiérdie **dinge** met dit waarvoor die grondeienaars wil veg in r. 56-58? (2)

9.15 Kan 'n mens hierdie stryd tussen die pagters en grondeienaars bloot beskou as 'n stryd tussen die armes en die welgesteldes? Motiveer. (2)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 10
### ***TOORBERG*** – Etienne van Heerden

Bestudeer die volgende teksgedeeltes uit die roman en beantwoord die vrae:

Daarna het sy nog een maal deur die huis geloop en toé by haar stinkhoutskryftafeltjie op die sonstoep gaan sit. Sy het haar dagboek met die buiteblad van kalfsleer oopgemaak en daarin geskryf: "De la Rey het vanoggend skielik op besoek hier aangekom. Abel en die geoloog het gaan water soek in die boveld. My hande bewe en ek kan aanvoel iets gaan gebeur."

Later het die magistraat op kommissie vir Ella gevra om – as dit nie inbreuk sou maak op haar privaatheid nie – hierdie bladsy uit haar dagboek aan hom te toon. Hy't lank daarna gekyk en sy kop geskud, maar eers niks gesê nie. Toe het hy gegroet en by die voordeur aan haar gesê: "Dit lyk my u het 'n aanvoeling."

Nadat sy haar dagboek toegemaak en weer gebêre het in die geelhoutkissie, het Ella op De la Rey gewag. Hy dwaal seker op die werf rond, het sy gedink. Of dalk het hy weer aan die gesels geraak met die kind onder die wilgerbome.

Van haar lessenaar op die sonstoep af kon Ella oor die grasperk uitkyk tot by die roostuin, en verder oor die werf tot by die krale en die skure. Terwyl sy so sit, sien sy Kaatjie Danster in die verte aanstryk met die voetpaadjie wat bokant die skure teen die koppie afloop na die ondervlak en die Halte.

10.1 Ella beweer De la Rey het haar kom besoek. Watter tekens was daar van hom buite? (1)

10.2 Watter **kind onder die wilgerbome** (r. 12) is hier ter sprake? (1)

10.3 Volgens r. 4 word daar dringend na water gesoek. Watter TWEE karakters in die roman het 'n besondere aanvoeling vir water? (2)

10.4 In watter opsig kom r. 2-3 ooreen met r. 10? (2)

10.5 Ella sê in r. 5 dat sy kan aanvoel iets gaan gebeur. Watter gebeurtenis is hier ter sprake? (1)

"Waarvoor wag julle?" vra Shala.

"Hulle't Posmeester Moolman se sleepkabels vir die busse loop haal."

"Ek het 'n riem."

"Hy's te kort." Shala kyk verras op, in die gesig van DwarsAbel. Dit is seker goed sewe jaar laas dat hulle mekaar van so naby sien. "Buitendien,"sê DwarsAbel, "dit moet een van ons rieme wees dié."

Sahla kyk verbysterd na hom: die oop, sterk gesig met die blou oë onder die rand van die kakiehoed en die hoogrooi vlek oor die oor.

10.6 Waarvan is die vlek oor DwarsAbel se oor 'n teken? (1)

10.7 Waarom sien Shala en DwarsAbel mekaar so min? (1)

10.8 In watter opsig toon Shala en DwarsAbel 'n ooreenkoms? (1)

Nou skuif hy soggens sy hotelkamer se gordyne oop en kan die mense hom van die straat af komieklik sien wip voor die oop venster terwyl hy sy oefeninge doen. Hy lees doelbewus nooit die oggendkoerant nie, omdat hy sy brein helder en onbesoedeld wil hou vir die dag se ondersoek. Ontbyt neem hy onder in die eetsaal en rook een sigaar ná die niertjies en eiers. Hy is buitengewoon beleef met die kelners en die ontvangsdame, maar hy sê nooit meer as "goeiemôre" of "goeienaand"of "is daar vir my pos vandag?" nie. 'n Man van min woorde wat saans in die skaduwee op die veranda sy eerste twee whiskies neem en sy derde en vierde in sy kamer. Elke keer met soda en twee blokkies ys. Sommige dae stuur hy 'n silwer-whiskyflessie af kroeg toe en vra die kelner om te sorg dat dit die volgende oggend volgemaak by sy ontbyt lê. Dit neem hy dan saam op sy inspeksies, en dit is gewoonlik – só het die kroegman opgemerk – wanneer daar onweer in die lug is en sy arm waarskynlik pla.

10.9 Skryf een woord neer uit r. 35-36 wat dui op die kroegman se onsekerheid oor die rede waarom die magistraat drank saamneem op kommissie. (1)

10.10 Wat het gebeur dat die magistraat een af arm het? (1)

10.11 Die magistraat streef 'n gesonde leefstyl na. Bewys die stelling uit r. 25-26. (1)

10.12 Ten spyte hiervan doen die magistraat TWEE dinge wat baie ongesond is. Wat is dit? (2)

Ella laat die Slams kom om sy beentjies te gooi. Hy het 'n boodskap gestuur vóór sy hom ontbied het. 'n Seuntjie het verflenterd by die agterdeur kom staan, grootoog gewag dat die boerboele hom op en af besnuif en toe uitgeblaker: "Slams kan help, sê Slams, as daar nodigheid voor is."

Stilte, het sy onthou, het Ouma Olivier altyd gesê, is Toorberg se swakste bate: jy hoor die gaste in hul kamers asemhaal, 'n Abel sy pyp uitklop in sy studeerkamer; jy hoor die bediendes se messies oor die aartappels girts in die kombuis. Dis die hoë plafonne, die diep kelder onder die vloere, die steil solder wat alle klanke versterk.

10.13 Gee TWEE redes waarom geluid op Toorberg so hard klink. (2)

10.14 Wat moet die Slams kom vasstel deur sy **beentjies** te kom gooi? (2)

b.o.

10.15 Hoe maak Ella ook andersins van die Slams se diens gebruik? (2)

10.16 Gee 'n voorbeeld van klanknabootsing in r. 37-44. (1)

10.17 Op watter manier laat blyk die Slams sy bereidwilligheid om te kom help? (1)

10.18 Het die Slams se koms gehelp? Motiveer die antwoord. (2)
**[25]**

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE**

Beantwoord hier Vraag 11 **óf** 12 **óf** 13 **óf** 14, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het. Beplan jou antwoord en hou by die voorgeskrewe lengte:

**VRAAG 11**
***KRINGE IN 'N BOS*** – Dalene Matthee

11.1 *Kringe in 'n Bos* is 'n spanningsverhaal waar uiterlike botsings grootliks bydra om die spanning te behou. Bespreek hierdie botsings in 180-200 woorde en gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- Die botsing tussen Saul en sy gesin
- Die botsing tussen Saul en die houtkappers
- Die botsing tussen Saul en die delwers
- Jou eie mening of Saul telkens korrek opgetree het (15)

11.2 Een van die temas van *Kringe in 'n Bos* is die vernielsug van mense ten koste van die natuur. Bespreek hierdie vernielsug in 120-150 woorde en gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- Die optrede van die houtkappers
- Die optrede van die delwers
- Jou eie mening wat mense se houding teenoor natuurbewaring behoort te wees (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 12
***FIELA SE KIND*** – Dalene Matthee

12.1 Met die lees van hierdie roman kom 'n mens agter hoe Elias van Rooyen en Fiela Komoetie van mekaar verskil. Skryf 'n opstel van 180-200 woorde waarin jy dié standpunt beredeneer deur na die volgende hoofpunte in die antwoord te verwys:

- Hulle verskil van mekaar met betrekking tot fluksheid/werklus.
- Fiela is 'n reguit mens met besliste standpunte terwyl Elias dikwels onderduims is.
- Fiela is liefdevol teenoor haar kinders en Elias se verhouding met sy kinders getuig van egoïsme.
- Van wie (Fiela of Elias) hou jy die meeste? Motiveer die antwoord kortliks. (15)

12.2 Nadat Lukas Van Rooyen uit die Bos is, het die see 'n groot rol op sy lewe gehad. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 120 -150 woorde en maak van die volgende hooftrekke gebruik:

- Die bekorende invloed van die see op sy lewe
- Kaliel se invloed op hom
- Nina se invloed op Lukas, veral met betrekking tot sy identiteitskrisis (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 13
***BY FAKKELLIG*** – Karel Schoeman

13.1 Bespreek David se inwyding by die leefwyse van die Ierse Boerevolk in 'n opstel van 180-200 woorde, deur te verwys na die volgende aspekte:

- O Máille se lyk in die woud
- Die aande by Ard na Croise
- Die middernagmis
- Jou eie mening of David se inwyding geslaag was (15)

13.2 Suid-Afrika se eertydse president, meneer Nelson Mandela, het in sy inhuldigingstoespraak in 1994 verklaar dat geen volk, nasie of groep ooit weer toegelaat moet word om 'n ander te oorheers en hul van hul menswaardigheid te beroof nie. Hierdie uitspraak sou ook direk betrekking kon hê op die heersende toestande in Ierland aan die einde van die agtiende eeu soos dit in hierdie roman beskryf word. Bespreek hierdie stelling in 120-150 woorde en verwys na die volgende aspekte:

- Die lewensomstandighede van die Ierse Boerevolk
- Die lewensomstandighede van die Engelse grondeienaars
- Ooreenkomste (indien enige) met die huidige Suid-Afrika (10)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 14**
***TOORBERG*** – Etienne van Heerden

14.1 In hierdie roman (verhaal) staan daar heeltyd twee families teenoor mekaar. Skryf 'n opstel van 120-150 woorde waarin jy aandag gee aan die volgende hoofpunte:

- Watter twee families word deurgaans met mekaar vergelyk? Vertel meer van elk van hulle (watter karakters in die verhaal hoort waar?).
- Met watter groep (familie) sal jy graag wil identifiseer? Motiveer jou keuse. (10)

14.2 Water speel 'n belangrike rol in hierdie roman (verhaal). Skryf 'n opstel van 180-200 woorde en gee aandag aan die volgende hoofpunte:

- Verduidelik dat Toorberg tans in nood verkeer.
- Waterwyser se rol in die Toorbergkrisis
- Hoe sluit Druppeltjie aan by die water-idee en wat is sy verband met Waterwyser?
- In watter opsig bring Abel se dood uitkoms vir die plaas en sy mense? (15)

**[25]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**